In ‘n omvattende studie oor die status van die veeproduksie in Suid-Afrika, wat onder leiding van dr Heinz Meissner onderneem is, is daar bevind dat die veeproduksiesektor ‘n bevredigende sosio-ekonomie bydrae tot die gemeenskap lewer.

Daar is ook bevind dat veeproduksie besig is om sy aandeel in die totale landbousektor in die land te verhoog, terwyl dit nie ‘n negatiewe uitwerking op die natuurlike hulpbronne of die omgewing het nie.

Die navorsing is in ‘n dokument vervat wat as ‘n deeglike wetenskaplike oorsig van die status en waarde van die veeprouksiesektor dien. Dit verskaf ook feite en syfers om verkeerde persepsies reg te stel. Verder word die uitdagings wat deur die regering, bedryfstrukture, navorsings- en ontwikkelingsinstansies en boere aangespreek moet word, uitgestippel.

Veeproduksie word al meer onder die soeklig geplaas omdat daar kommer bestaan oor aspekte soos dierewelsyn, voedselveiligheid, gesondheid, ekosisteme en biodiversiteit. Die feit dat veeproduksie ook ‘n wesenlike water- en koolstofvoetspoor agterlaat, het verdere vrae laat onstaan. Dit het daartoe gelei dat daar in die hele wêreld, ook in Suid-Afrika, ‘n pleidooi gelewer is dat veegetalle verminder moet word en dat mense selfs moet ophou om veeprodukte te eet.

Sulke drastiese ingrypings sal ‘n baie groot uitwerking op die voorsiening van voedsel en klere, op werksgeleenthede, sosio-ekonomiese ontwikkeling die Bruto Binnelandse Produk sowel as die ekonomiese lewensvatbaarheid van landelike dorpe en gemeenskappe hê. Baie van die argumente wat gebruik word, is gebaseer op verkeerde afleidings en inligting, grootliks vanweë die feit dat korrekte syfers en gepaardgaande inligting nie vrylik beskikbaar is nie.

Dit is daarom belangrik om die rol en posisie van die veesektor in ‘n sosiale-, ekonomiese- voedselsekerheid- en omgewingsimpakkonteks te beoordeel ten einde die voordele en nadele in te sien. So kan vraagstukke holisties benader word en riglyne aan bestuurders en beleidmakers voorsien word.

Daar is bewys dat Suid-Afrika, in teenstelling met die algemene persepsie, se verbruik van veeprodukte ooreenstem met dié van lae-inkomste lande. Dit beteken dat daar ruimte bestaan vir ‘n verhoging in produksie.

Daar is ook ruimte vir die verbetering van mededingendheid en produksiedoeltreffendheid tot voordeel van winsgewendheid en sosio-ekonomise ontwikkeling. Dit kan behaal word sonder om ‘n negatiewe invloed op die omgewing en die koolstof- en watervoetspoor te hê. In die opkomende veeproduksiebedryf kan die koolstof- en watervoetspoor met sowat 20% verlaag word, as daar ‘n paar klein, maar belangrike aanpassings in bestuur gemaak word.

Dit is belangrik dat die regering en die kommunale strukture aanpassings maak in die manier waarop hulle dink, sodat die betrokke doelwitte bereik word.

‘n Toekomsblik

Die veeproduksiebedryf staar heelwat groot uitdagings in die gesig. Dié uitdagings moet op ‘n kollektiewe basis deur bedryfsorganisasies aangespreek word.

Mededingheid is een van die grootste uitdagings. Ondoeltreffendheid en bitter min uitvoere lei tot lae vlakke van mededingendheid. Sodra ondoeltreffendheid aangespreek word, sal die geleenthede vir uitvoere vermeerder, wat weer tot positiewe gesindhede en die regte strukture sal lei. Onmededingendheid moet aangespreek word deur die ontwikkeling van tegnologie, die oordrag van tegnologie en grootliks deur kommunikasie en doelmatigheid. As ondoeltreffendheid aangespreek word, sal die water- en koolstofvoetspoor per eenheid ook verminder. Bedryfsorganisasies en organisasies wat boere ondersteun, behoort hier die leiding te neem.

Dit is die regering se taak om ‘n positiewe omgewing vir die veeproduksiebedrwye te skep, sodat hulle deel kan wees van die globale gemeenskap. In Suid-Afrika word dié verantwoordelikheid wel deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye erken in sy Livestok and Development Strategy, maar dié beleidsdokument is grootliks nog nie toegepas nie wees politieke ideologië, ander regeringsprioriteite, ‘n tekort aan opgeleide amptenare, poste wat nie gevul word nie, ‘n gebrek aan navorsing en ontwikkelings- asook voorligtingsbeampes, en verskeie ander redes.

Die gebrek aan inisiatiewe en aksieplanne om opkomende boere te help om vinniger kommersiële boere te raak, asook die feit dat die armoede-probleem in landelike gebiede nog nie aangespreek kon word nie, is ‘n bron van groot kommer. Opnames en gevallestudies toon duidelik dat landelike gemeenskappe van armoede bevry kan word indien hulle daarin kan slaag om heeltemal kommersiëel te raak. Aangesien landelike gemeenskappe hoofsaaklik vee-eienaars is, moet die inisiatiewe om hul armoede te verlig, gebaseer wees op veeproduksie.

Die verantwoordelikheid om boere te help om in ‘n beter omgewing te funksioneer, is een wat gedeel moet word deur die drie vlakke van die regering, landbou bedrywe en bedrysorganisasies. Die regering sal moet bewys dat hulle tot die saak verbind is.

So ‘n stap sal moontlik ook ‘n gesindheidsverandering by landboubedrywe vereis, aangesien hulle gedwing sal word om saam te werk met persone aan wie hulle nie gewoond is nie. Sulke dienste behoort grens- en heiningbeheer, laboratorium en toetsdienste, prestasiestoetsskemas, navorsing en ontwikkeling, tegnologie-oordrag en –opleiding in te sluit. Opkomende boere sal ook meer hulp moet ontvang om hulle te help om in volwaardige kommersiële boere te ontwikkel.